INSTITUTE FOR MANPOWER RESEARCH INSTITUTE FOR MANPOWER RESEARCH INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVO

INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING INSTITUTE FOR MANPOWER R


RAAD VIR
GEESTESWETENSKAPLIKE
NAVORSING

HUMANITAS
RGN • HSRC

HUMAN
SCIENCES RESEARCH
COUNCIL


# NAVORSINGSBEVINDING
*
# RESEARCH FINDING

## RAMING VAN DIE EKONOMIES BEDRYWIGE EN TOTALE BEVOLKING VAN PHALABORWA VIR 1981


001.3072068 HSRC MN 42

| Klasnr./Class No. | Registernr./No. |
| --- | --- |
| 001.3072068 HSRC | 49450/X |

RGN RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

BIBLIOTEEK
LIBRARY

HSRC HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

C40450 | Y

RGN·HSRC

RGN-BIBLIOTEEK
HSRC LIBRARY

VERVALDATUM/DATE DUE

SU

RAMING VAN C

ƆRWA VIR 1981

rk, M.Admin.

ꞫAGNAVORSING

DIREKTEUR: W. VERHOEF

0000499301

2844363866

PRETORIA
197Ɛ

Navorsingsbevinding M-N-42

Prys 70c

ISBN 0 86965 385 7

001.3072068 HSRC MN 42
*049930*

001.3072068
HGRC mn 42. 040450 X
G

INHOUD


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1 | INLEIDING | 1 |
| 2 | OMSKRYWING VAN ENKELE BEGRIPPE | 1 |
| 2.1 | Uitvoergoedere en -dienste | 1 |
| 2.2 | Uitvoerwerkers | 1 |
| 2.3 | Streekresidensiële goedere en dienste | 1 |
| 2.4 | Streekresidensiële werkers | 1 |
| 3 | GEBIEDSAFBAKENING | 1 |
| 4 | DIE RAMINGSTEGNIEK | 2 |
| 5 | KEUSE VAN DIE RAMINGSBASIS | 3 |
| 6 | RAMING VAN DIE GETAL UITVOERWERKGELEENTHEDE IN PHALABORWA IN 1981 | 5 |
| 7 | RAMING VAN DIE MINIMUM NOODSAAKLIKE, STREEKRESIDENSIËLE INDIENS=NEMINGSPERSENTASIES VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR | 6 |
| 8 | RAMING VAN DIE GETAL STREEKRESIDENSIËLE WERKERS VOLGENS NYWERHEID=SEKTOR EN DIE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING VAN PHALABORWA VIR 1981 | 6 |
| 9 | RAMING VAN DIE BEROEPSVERDELING VAN DIE STREEKRESIDENSIËLE WERKERS VAN PHALABORWA VIR 1981 | 7 |
| 10 | DIE BEROEPS- EN SEKTORALE VERDELING VAN DIE GERAAMDE EKONOMIES BEDRY=WIGE BEVOLKING VAN PHALABORWA VIR 1981 | 7 |
| 11 | DIE VOLKSGROEPVERDELING VAN DIE GERAAMDE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING VAN PHALABORWA VIR 1981 | 7 |
| 12 | RAMING VAN DIE NIE-EKONOMIES BEDRYWIGE EN TOTALE BEVOLKING VAN PHALABORWA VIR 1981 | 7 |
| 13 | BETROUBAARHEID VAN DIE RAMING | 7 |
| 14 | SAMEVATTING | 12 |
| | BYLAE | 14 |
| | LITERATUURLYS | 16 |

## 1 INLEIDING

Die owerheidsbeleid van nywerheidsdesentralisasie bring mee dat daar toenemende bevolkingskonsentrasies by groeipunte ontstaan. 'n Hoë groeikoers in die ekonomiese be= drywighede van 'n groeipunt sal noodwendig ook tot 'n hoë groeikoers in die bevolking van so 'n groeipunt lei. Sodanige ontwikkeling verg deeglike beplanning van die kant van die owerheidsektor op sentrale, provinsiale en in die besonder op munisipale vlak vir die lewering van gemeenskapsdienste, sowel as van die kant van die private sektor vir die lewering van partikuliere goedere en dienste. Deeglike beplanning is noodsaaklik om die ontstaan van knelpunte in die voorsiening van goedere en dienste te vermy.

Suksesvolle beplanning vereis betroubare basiese data waaronder 'n vooruitskat= ting van bevolkingsgroei in die dorp of stad waarvoor beplan moet word. Om hierdie data aan beplanners te kan voorsien, is 'n tegniek deur die RGN ontwikkel waarvolgens bevolkingsgroei in vinnig groeiende geïsoleerde dorpe en stede op grond van nie-histo= riese data geraam kan word (Boshoff, 1975).

Mynbou-aktiwiteite was die vernaamste stimulus vir die ekonomiese ontwikkeling en dus ook vir die bevolkingsgroei van Phalaborwa, maar deur veral 'n voorwaartse skake= lingseffek, het die mynbou ook aanleiding gegee tot die ontwikkeling van nywerhede vir die verwerking van sommige delfstowwe, waarvan die chemiese nywerheid die belangrikste is. In die lig van voorgenoemde ontwikkelings, word in hierdie studie gepoog om 'n ra= ming te maak van die groei in die ekonomies bedrywige en totale bevolking van Phalabor= wa vir die volgende vyfjaarperiode, dit wil sê tot 1981.

## 2 OMSKRYWING VAN ENKELE BEGRIPPE

Ter wille van duidelikheid sal enkele begrippe wat in hierdie studie gebruik word, kortliks omskryf word. 'n Breedvoerige bespreking van hierdie begrippe verskyn in 'n vorige verslag (Boshoff, 1975).

### 2.1 UITVOERGOEDERE EN -DIENSTE

Uitvoergoedere en -dienste is goedere en dienste wat verbruik word deur verbrui= kers wat buite die ekonomiese streek waarin sodanige goedere en dienste geproduseer word, gesetel is.

### 2.2 UITVOERWERKERS

Uitvoerwerkers is werkers wat uitvoergoedere en -dienste produseer.

### 2.3 STREEKRESIDENSIëLE GOEDERE EN DIENSTE

Streekresidensiële goedere en dienste is goedere en dienste wat deur die bewo= ners van 'n ekonomiese streek in daardie betrokke streek vir hul eie verbruik geproduseer word.

### 2.4 STREEKRESIDENSIëLE WERKERS

Streekresidensiële werkers is werkers wat streekresidensiële goedere en dienste produseer.

## 3 GEBIEDSAFBAKENING

Die beginsels waarvolgens die grense van 'n subnasionale streek afgebaken word, is in 'n vorige verslag breedvoerig bespreek (Boshoff, 1975). Ooreenkomstig dié begin= sels sal die grense van die Phalaborwa-gebied of die Phalaborwa-ekonomiese streek ook die gebied tot by Mica, waarin mynbou-aktiwiteite op 'n klein skaal plaasvind, insluit. Dié streek sluit egter nie Gravelotte en die myn wat daar geleë is, in nie.

Wanneer na Phalaborwa as dorp verwys word, sluit dit ook die Bantoedorp Namakgale in. Daar moet egter op gelet word dat die Bantoebevolking wat volgens die berekenings in hierdie verslag vir 1981 vir Phalaborwa voorspel word, nie die enigste sal wees wat in Namakgale woonagtig sal wees nie. Die berekende Bantoebevolking vir

1981 is slegs dié wat aan die ekonomiese ontwikkeling van Phalaborwa toegeskryf kan word. 'n Verskuiwing van Bantoes na Namakgale op grond van nie-ekonomiese faktore as= ook die afhanklikes van Bantoes wat buite die Phalaborwa-ekonomiese streek werksaam is, maar in Namakgale woonagtig is, word nie in die berekende Bantoebevolking vir 1981 ingesluit nie.

## 4 DIE RAMINGSTEGNIEK

Die teorieë, relatief vaste verhoudings en aannames waarop die ramingstegniek gebaseer word, is in 'n vorige verslag meer uitvoerig bespreek. (Kyk Boshoff 1975, pp. 6-16.) Hieronder volg slegs 'n kort opsomming daarvan tesame met 'n kort verduideliking van die ramingstegniek.

Eerstens word aanvaar dat daar 'n relatief vaste verhouding bestaan tussen die persentasie streekresidensiële werkers en die persentasie uitvoerwerkers in 'n re= delik geïsoleerde dorp of stad waarvan die ekonomie naastenby in ewewig is.

Tweedens word aanvaar dat 'n sekere minimum persentasie van die ekonomies be= drywige bevolking van alle redelik geïsoleerde dorpe en stede in elke nywerheidsektor werksaam moet wees net om in die noodsaaklike behoeftes van die ekonomiese streek se bewoners van streekresidensiële goedere en dienste te voorsien. Die minimum persenta= sie word die minimum noodsaaklike, streekresidensiële indiensnemingspersentasie genoem.

Daar word ook aanvaar dat die minimum noodsaaklike, streekresidensiële indiens= nemingspersentasie vir elke nywerheidsektor op grond van bevolkingsensusgegewens ge= raam kan word. Dit word gedoen deur die persentasie werkers in elke nywerheidsektor, in die geval van 'n aantal dorpe en stede wat spesiaal vir die doel uitgekies is, te tabelleer. Die laagste waargenome indiensnemingspersentasie in elke nywerheidsektor word dan aanvaar as 'n raming van die sektorale minimum noodsaaklike, streekresidensiële indiensnemingspersentasie. 'n Sommering van die verskillende sektorale minimum persen= tasies lewer dan 'n raming van die minimum noodsaaklike, streekresidensiële indiensne= mingspersentasie vir die dorp of stad.

Aangesien die streekresidensiële werkers (s) plus die uitvoerwerkers (u) gelyk is aan die totale ekonomies bedrywige bevolking (e), volg dit dat die persentasie uit= voerwerkers bereken kan word indien die persentasie streekresidensiële werkers eers ge= raam is.

$$\begin{aligned} . \quad s + u &= e \\ .\,. \quad S\% + U\% &= 100\% \\ \therefore \quad U\% &= 100\% - S\% \end{aligned}$$

Met beide die persentasie streekresidensiële werkers en die persentasie uit= voerwerkers bekend, kan beide die getal streekresidensiële werkers en die ekonomies bedrywige bevolking bereken word indien die getal uitvoerwerkers deur middel van 'n op= name bepaal word.

Die beroepsverdeling van die geraamde getal streekresidensiële werkers in elke nywerheidsektor geskied in ooreenstemming met die beroepsverdeling in die betrokke ny= werheidsektore van een of meer ander dorpe soos wat dit uit bevolkingsensusgegewens blyk. Vir die doel word die ander dorpe uitgesoek indien indiensneming in die betrok= ke nywerheidsektor tydens die vorige bevolkingsensus ongeveer net soveel was wat geraam= de streekresidensiële indiensneming op die teikendatum in die dorp waarvoor geraam word, sal wees. Sorg word ook gedra dat die volksgroepsamestelling van die gekose dorp naastenby ooreenstem met die van die dorp waarvoor die raming gemaak word.

Daar word aanvaar dat die beroepskeuse van lede van die verskillende volks= groepe in die voorsienbare toekoms, net soos in die verlede, hoofsaaklik deur tradisie bepaal sal word. Daarom word die volksgroepverdeling van die streekresidensiële wer= kers afsonderlik vir elke beroepsgroep geraam. Die raming van volksgroepverdeling ge= skied op grond van die ooreenstemmende verdelings volgens die 1970-bevolkingsensusge= gewens in die geval van een of meer dorpe wat spesiaal vir die doel uitgesoek word. Geskikte dorpe word vir die doel uitgesoek op grond van bevolkingsamestelling en -grootte.

Die volksgroepsamestelling van die uitvoerwerkers word tydens die opname by die werkgewers vasgestel.

Laastens word aanvaar dat ekonomiese deelnamekoerse wesentlik van volksgroep tot volksgroep en streek tot streek verskil. Gevolglik word die ekonomiese deelname= koers vir elke volksgroep afsonderlik bereken op grond van die ekonomiese deelnamekoers van die betrokke volksgroep tydens die vorige bevolkingsensus in die dorp of stad waar= voor die raming gemaak word, of in 'n ander geskikte dorp of stad in dieselfde streek en met 'n soortgelyke bevolkingsamestelling. Met beide die ekonomiese deelnamekoerse en die getal ekonomies bedrywiges vir elke volksgroep bekend, kan die getal nie-ekonomies bedrywiges vir elke volksgroep en die totale bevolking bereken word.

Sedert die eerste ramings volgens bostaande tegniek gemaak is, is die stelsel ten volle gemodelleer en vir gebruik op die elektroniese rekenaar geprogrammeer (Jacobs, 1975). Omdat berekenings nou soveel vinniger gedoen word, kan alternatiewe aannames ten opsigte van minimum noodsaaklike, sektorale indiensnemingspersentasies, ekonomiese deelnamekoerse en volksgroepverhoudings uitgetoets word ten einde te verse= ker dat die raming op realistiese aannames gebaseer word.

Die berekeningsmetodes en metode van benadering van desimale breuke wat in die rekenaarprogram ingebou is, het egter tot gevolg dat persentasiekolomme nie altyd tot 100 opgetel kan word nie en dat dieselfde totaal in verskillende tabelle soms met 'n betekenislose getal verskil.

## 5 KEUSE VAN DIE RAMINGSBASIS

In paragraaf 4 is aangedui dat die minimum noodsaaklike, streekresidensiële indiensnemingspersentasies in elke nywerheidsektor geraam word op grond van die bevol= kingsensusgegewens in 'n aantal dorpe wat vir dié doel geselekteer is. Die vereistes wat aan hierdie dorpe gestel word, is dat hulle voldoende geïsoleerd moet wees van die ekonomiese invloed van nabygeleë groter dorpe of stede en dat hulle op die sensusdatum ongeveer so groot moes gewees het as wat die dorp waarvoor die raming gemaak word, na verwagting op die teikendatum sal wees.

Die voorgenoemde vereiste dat die betrokke dorpe voldoende geïsoleerd moet wees van die ekonomiese invloed van nabygeleë groter dorpe of stede, sluit alle dorpe of stede in die PWV-gebied uit, asook ander dorpe binne 60 tot 100 kilometer van stede of groter dorpe indien die kommunikasiekanale tussen die twee dorpe gerieflik is.

Volgens voorlopige berekenings blyk dit dat Phalaborwa se bevolking teen 1981 tussen 25 000 en 30 000 sal wees. Op grond hiervan is 14 Suid-Afrikaanse dorpe vir in= sluiting in die ramingsbasis geselekteer waarvan die bevolking tydens die 1970-bevol= kingsensus tussen 15 000 en 43 000 was, en wat aan die isolasie-vereiste voldoen het. Dié 14 dorpe is:

1 Pietersburg
2 Worcester
3 Queenstown
4 Bethlehem
5 Oudtshoorn
6 George
7 Standerton
8 Vryheid
9 Dundee
10 Upington
11 Graaff-Reinet
12 Cradock
13 Potgietersrus
14 Wellington

Die persentasieverdeling van die 14 dorpe se ekonomies bedrywige bevolking vol= gens nywerheidsektor word in tabel 5.1 aangetoon. Die persentasies vir die totale en sektorale minimum noodsaaklike, streekresidensiële indiensneming en die totale persenta= sie uitvoerwerkers word almal op grond van die persentasies in tabel 5.1 geraam.

TABEL 5.1

PERSENTASIEVERDELING VAN DIE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING VAN VEERTIEN SUID-AFRIKAANSE DORPE VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR

| Nywerheidsektor | Dorpe | | | | | | | | | | | | | | Minimum persentasie | Gemiddelde persentasie | Gekose persentasie |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Pietersburg | Worcester | Queenstown | Bethlehem | Oudtshoorn | George | Standerton | Vryheid | Dundee | Upington | Graaff-Reinet | Cradock | Potgietersrus | Wellington | | | |
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | | | |
| 1 Landbou, bosbou en visvangs | 1,50 | 1,96 | 0,85 | 1,67 | 1,61 | 3,45 | 1,78 | 1,59 | 0,47 | 5,37 | 2,72 | 1,10 | 3,54 | 2,06 | 0,47 | 2,12 | 0,47 |
| 2 Mynbou en steengroefwerk | 0,72 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,62 | 0,14 | 2,31 | 0,94 | 0,81 | 0,0 | 0,37 | 0,56 | 0,19 | 0,0 | 0,48 | 0,0 |
| 3 Voedsel, drank en tabak | 7,12 | 11,33 | 4,14 | 5,50 | 4,37 | 8,13 | 6,03 | 3,32 | 7,67 | 2,28 | 1,09 | 2,21 | 6,90 | 13,86 | 1,09 | 6,00 | 1,09 |
| 4 Klerasie, tekstiel- en leergoedere | 0,91 | 11,93 | 0,28 | 0,0 | 3,91 | 5,05 | 27,26 | 0,43 | 0,0 | 0,65 | 0,54 | 0,74 | 0,37 | 21,54 | 0,0 | 5,26 | 0,0 |
| 5 Nie-metaal- en algemene goedere | 1,70 | 2,13 | 1,69 | 1,87 | 1,96 | 8,00 | 1,78 | 3,90 | 18,00 | 0,65 | 3,08 | 0,55 | 2,24 | 5,43 | 0,55 | 3,78 | 0,55 |
| 6 Basiese metale | 0,33 | 0,0 | 0,09 | 0,0 | 0,0 | 0,49 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,33 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,09 | 0,0 |
| 7 Metaalprodukte | 2,74 | 1,28 | 0,56 | 0,59 | 1,84 | 1,23 | 0,0 | 0,72 | 1,88 | 1,30 | 0,0 | 0,18 | 3,73 | 4,87 | 0,0 | 1,49 | 0,0 |
| 8 Elektrisiteit, gas en water | 1,24 | 2,30 | 0,85 | 0,49 | 0,35 | 0,74 | 0,27 | 0,87 | 1,10 | 0,49 | 1,09 | 0,37 | 0,93 | 0,37 | 0,27 | 0,82 | 0,27 |
| 9 Bou en konstruksie | 7,84 | 7,84 | 7,72 | 5,99 | 12,08 | 15,76 | 6,03 | 9,83 | 7,98 | 13,36 | 13,77 | 13,08 | 6,34 | 10,49 | 5,99 | 9,87 | 5,99 |
| 10 Handel, verversings- en akkommodasie= dienste | 19,07 | 19,59 | 20,15 | 26,23 | 19,91 | 18,84 | 17,81 | 20,95 | 16,74 | 24,27 | 20,29 | 15,84 | 27,24 | 11,24 | 11,24 | 19,87 | 11,24 |
| 11 Vervoer, opberging en kommunikasie | 10,19 | 7,16 | 9,89 | 14,73 | 6,67 | 4,43 | 5,62 | 14,02 | 5,63 | 11,73 | 7,43 | 19,71 | 4,10 | 3,75 | 3,75 | 8,93 | 3,75 |
| 12 Finansierings-,versekerings-,vaste eien= doms- en besigheidsdienste | 3,85 | 3,83 | 5,46 | 3,83 | 4,60 | 3,33 | 2,19 | 2,60 | 2,82 | 6,35 | 2,36 | 2,76 | 3,54 | 2,25 | 2,19 | 3,56 | 2,19 |
| 13 Openbare owerheidsdienste | 18,48 | 16,61 | 12,81 | 14,24 | 22,78 | 11,45 | 10,68 | 9,83 | 15,18 | 12,21 | 15,40 | 13,26 | 12,50 | 14,61 | 9,83 | 14,29 | 9,83 |
| 14 Professionele, welsyns-, maatskaplike en vermaaklikheidsdienste | 5,16 | 4,51 | 11,49 | 3,73 | 4,14 | 3,57 | 2,33 | 6,50 | 5,16 | 6,03 | 3,99 | 5,34 | 6,34 | 3,18 | 2,33 | 5,11 | 2,33 |
| 15 Persoonlike en huishoudelike dienste | 19,14 | 9,54 | 24,01 | 21,12 | 15,77 | 14,90 | 18,08 | 23,12 | 16,43 | 14,17 | 28,26 | 24,49 | 21,64 | 6,18 | 6,18 | 18,35 | 16,43 |
| TOTAAL EKONOMIES BEDRYWIG N | 15310 | 11740 | 10620 | 10180 | 8690 | 8120 | 7300 | 6920 | 6390 | 6140 | 5520 | 5430 | 5360 | 5340 | 43,89 | 100 | 54,14 |
| % | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | | | |

Soos in paragraaf 1 aangedui is, word die stimulus vir die ekonomiese ontwikke= ling van Phalaborwa hoofsaaklik deur mynbou en die chemiese nywerheid verskaf. Dit is dan ook slegs in hierdie twee sektore waar daar tans uitvoerwerkgeleenthede bestaan. 'n Raming van die getal uitvoerwerkgeleenthede wat na verwagting teen 1981 in Phalabor= wa sal bestaan, verskyn in tabel 6.1.

TABEL 6.1

DIE VERWAGTE UITVOERWERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP EN NYWERHEIDSEKTOR IN PHALABORWA VIR 1981

| Beroepsgroep | Nywerheidsektor | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mynbou en steen= groefwerk | | Nie-metaal- en algemene goedere | | Totaal | |
| | N | % | N | % | N | % |
| 1 Natuurwetenskaplikes, argitekte, ingenieurs, opmeters, ens. | 82 | 1,49 | 19 | 1,33 | 101 | 1,46 |
| 2 Medici, tandheelkundiges, veeartse, apte= kers, verpleegsters en ander paramedici | 17 | 0,31 | 10 | 0,70 | 27 | 0,39 |
| 3 Geesteswetenskaplikes, onderwysers, reken= meesters, regsgeleerdes, ens. | 36 | 0,66 | 2 | 0,14 | 38 | 0,55 |
| 4 Tegnici en tekenaars | 52 | 0,95 | 6 | 0,42 | 58 | 0,84 |
| 5 Besturende, uitvoerende en administratiewe werkers | 61 | 1,11 | 11 | 0,77 | 72 | 1,04 |
| 6 Klerke, verkoops- en verwante werkers | 307 | 5,60 | 84 | 5,88 | 391 | 5,66 |
| 7 Dienswerkers | 609 | 11,10 | 44 | 3,08 | 653 | 9,45 |
| 8 Landbouers, bosbouers en vissers | | | | | | |
| 9 Produksietoesighouers en voormanne | 309 | 5,63 | 269 | 18,84 | 578 | 8,36 |
| 10 Myn- en steengroefwerkers | 296 | 5,40 | 2 | 0,14 | 298 | 4,31 |
| 11 Ander produksie- en onderhoudswerkers (ambagsmanne, halfgeskoold en ongeskoold) | 538 | 9,81 | 293 | 20,52 | 831 | 12,02 |
| 12 Bou- en konstruksiewerkers | | | 9 | 0,63 | 9 | 0,13 |
| 13 Masjienoperateurs | 517 | 9,43 | 197 | 13,80 | 714 | 10,33 |
| 14 Vervoer- en kommunikasiewerkers | 251 | 4,58 | 100 | 7,00 | 351 | 5,08 |
| 15 Ongeskoolde arbeiders | 2410 | 43,94 | 382 | 26,75 | 2792* | 40,39 |
| TOTAAL | 5485 | 100 | 1428 | 100 | 6913 | 100 |

*Onverminderde getal

Die getal uitvoerwerkgeleenthede in tabel 6.1 is soos volg geraam:

(a) 'n Opname van huidige werkgeleenthede is by bedrywe ter plaatse gemaak met behulp van die vraelys wat as bylae tot hierdie verslag verskyn. Om 'n raming van werk= geleenthede vir 1981 te verkry, is die topbestuur van die bedryf gevra om 'n raming te maak van die verwagte toename in werkgeleenthede tot 1981. Hierdie verwagte toename is by die huidige getal werkgeleenthede getel. Daarna is vasgestel watter persentasie van die bedryf se produksie in die Phalaborwa-ekonomiese streek verbruik word, en die 1981-werkgeleentheidsyfer is dan met dié persentasie verminder.

(b) In samewerking met die betrokke personeelbestuurders en -beamptes, is 'n raming gemaak van die persentasie van die Bantoewerkers se loon wat hulle nie in Phalaborwa bestee nie, maar na familie in die tuislande gestuur word of buite die Phalaborwa-dorpsgebied bestee word. Vir die berekening van die getal streekresiden= siële werkers, wat op die getal uitvoerwerkers gebaseer word, is die getal Bantoewer= kers ook nog verminder met die geraamde persentasie van hul loon wat nie in Phalaborwa bestee word nie. Wanneer die ekonomies bedrywige en totale bevolking bereken word, word dié getalle waarmee die uitvoerwerkgeleenthede verminder is, weer bygevoeg.

(c) Daar word aanvaar dat alle uitvoerwerkgeleenthede in 1981 beset sal wees, daarom word uitvoerwerkgeleenthede gelyk gestel aan uitvoerwerkers.

Die betroubaarheid van die geraamde getalle uitvoerwerkgeleenthede is van deurslaggewende belang vir die betroubaarheid van die bevolkingsraming. Foute in die geraamde getal uitvoerwerkers bring groter foute in die geraamde totale bevolking mee.

7 RAMING VAN DIE MINIMUM NOODSAAKLIKE, STREEKRESIDENSIËLE INDIENSNEMINGSPERSENTASIES VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR

Die minimum persentasie indiensneming wat voorkom in die veertien dorpe wat as ramingsbasis dien, is aanvaar as die geraamde minimum noodsaaklike, streekresidensiële indiensnemingspersentasie in veertien van die vyftien nywerheidsektore.

Uit tabel 5.1 blyk dat die persentasie indiensneming in sektor 15, te wete persoonlike en huishoudelike dienste, oor die algemeen laer is in dorpe wat hoofsaaklik van Kleurlingwerkers as huisbediendes gebruik maak as in die geval van dorpe wat hoofsaaklik van Bantoehuisbediendes gebruik maak. Aangesien Phalaborwa teenaan twee Bantoetuislande geleë is, is besluit om die laagste indiensnemingspersentasie wat voorkom in dorpe waar daar hoofsaaklik van Bantoehuisbediendes gebruik gemaak word, te aanvaar as die minimum noodsaaklike, streekresidensiële indiensnemingspersentasie. Die gekose minimum noodsaaklike, streekresidensiële indiensnemingspersentasies is in tabel 5.1 aangetoon.

8 RAMING VAN DIE GETAL STREEKRESIDENSIËLE WERKERS VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR EN DIE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING VAN PHALABORWA VIR 1981

'n Raming van die getal streekresidensiële werkers volgens nywerheidsektor en die ekonomies bedrywige bevolking verskyn in tabel 8.1

TABEL 8.1

GERAAMDE GETAL STREEKRESIDENSIËLE WERKERS VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR EN TOTALE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING VAN PHALABORWA VIR 1981

| Nywerheidsektor | Werkers | |
|---|---|---|
| | N | % |
| 1 Landbou, bosbou en visvangs | 39 | 0,34 |
| 2 Mynbou en steengroefwerk | | |
| 3 Voedsel, drank en tabak | 91 | 0,79 |
| 4 Klerasie, tekstiel- en leergoedere | | |
| 5 Nie-metaal- en algemene goedere | 45 | 0,39 |
| 6 Basiese metale | | |
| 7 Metaalprodukte | | |
| 8 Elektrisiteit, gas en water | 23 | 0,20 |
| 9 Bou en konstruksie | 503 | 4,39 |
| 10 Handel, verversings- en akkommodasiedienste | 943 | 8,23 |
| 11 Vervoer, opberging en kommunikasie | 315 | 2,75 |
| 12 Finansierings-, versekerings-, vaste eiendoms- en besigheidsdienste | 185 | 1,62 |
| 13 Openbare owerheidsdienste | 825 | 7,20 |
| 14 Professionele, welsyns-, maatskaplike en vermaaklikheidsdienste | 195 | 1,70 |
| 15 Persoonlike en huishoudelike dienste | 1378 | 12,03 |
| Totaal streekresidensiële werkers | 4542 | 39,65 |
| Uitvoerwerkers (verminderde getal*) | 3847 | 60,35 |
| Verminderingsgetal teruggetel | 3066 | |
| TOTAAL EKONOMIES BEDRYWIG | 11455 | 100 |

*Kyk paragraaf 6

Soos in paragraaf 7 beskryf is, is die streekresidensiële indiensneming in elke nywerheidsektor geraam op grond van die minimum noodsaaklike, streekresidensiële indiensnemingspersentasies wat in tabel 5.1 aangetoon word en op grond van die verminderde getal uitvoerwerkgeleenthede wat soos in paragraaf 6 beskryf, geraam is. Deur die onverminderde getal uitvoerwerkers by die streekresidensiële werkers te tel, is die ekonomies bedrywige bevolking soos in tabel 8.1 aangetoon word, geraam.

9 RAMING VAN DIE BEROEPSVERDELING VAN DIE STREEKRESIDENSIËLE WERKERS VAN PHALABORWA VIR 1981

Die beroepsverdeling volgens nywerheidsektor van die geraamde getal streekresi= densiële werkers word in tabel 9.1 aangetoon.

Vir die raming van die beroepsverdeling van die streekresidensiële werkers is die totale getal werkers per sektor soos in tabel 8.1 aangetoon, gebruik. Die beroeps= verdeling is vervolgens vir elke nywerheidsektor afsonderlik geraam op grond van die gemiddelde beroepsverdeling in die ooreenstemmende sektore in drie dorpe. Vir elke sektor is Phalaborwa en twee van die ander veertien dorpe wat as ramingsbasis dien, gebruik. Dorpe is vir hierdie doel uitgekies wanneer indiensneming in die betrokke sektor gedurende die 1970-bevolkingsensus naastenby net soveel was as wat dit na raming in 1981 in Phalaborwa sal wees. Die dorpe wat vir dié raming per sektor gebruik is, word in tabel 9.2 aangetoon.

10 DIE BEROEPS- EN SEKTORALE VERDELING VAN DIE GERAAMDE EKONOMIES BEDRYWIGE BE= VOLKING VAN PHALABORWA VIR 1981

Die raming van die beroeps- en sektorale verdeling van die ekonomies bedrywige bevolking van Phalaborwa vir 1981 soos in tabel 10.1 aangetoon, is gedoen deur die ooreenstemmende getalle uitvoerwerkers in tabel 6.1 en streekresidensiële werkers in tabel 9.1 te sommeer.

11 DIE VOLKSGROEPVERDELING VAN DIE GERAAMDE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING VAN PHALABORWA VIR 1981

Om die volksgroepverdeling van die geraamde ekonomies bedrywige bevolking van Phalaborwa vir 1981 te raam, is die verdeling ten opsigte van uitvoerwerkers tydens die opname ter plaatse empiries bepaal. In die geval van streekresidensiële werkers, is die volksgroepverdeling in elke beroepsgroep gebaseer op die volksgroepverdeling in die betrokke beroepsgroep volgens die 1970-bevolkingsensusgegewens vir Phalaborwa. Die volksgroepverdeling van die geraamde ekonomies bedrywige bevolking vir 1981 word in tabel 11.1 aangetoon.

12 RAMING VAN DIE NIE-EKONOMIES BEDRYWIGE EN TOTALE BEVOLKING VAN PHALABORWA VIR 1981

In tabel 12.1 word die ekonomies bedrywige bevolking asook 'n raming van die nie-ekonomies bedrywige en totale bevolking van Phalaborwa volgens volksgroep vir 1981 aangetoon.

Daar word aanvaar dat die ekonomiese deelnamekoers van volksgroep tot volks= groep verskil, daarom is die ekonomiese deelnamekoers vir elke volksgroep afsonderlik geraam. Die raming vir elke volksgroep is gebaseer op die ekonomiese deelnamekoers van die betrokke volksgroep in Phalaborwa volgens die 1970-bevolkingsensusgegewens. Deur die geraamde ekonomies bedrywige en nie-ekonomies bedrywige bevolking te sommeer, is die totale bevolking bepaal.

13 BETROUBAARHEID VAN DIE RAMING

Die betroubaarheid van die bevolkingsramings wat met behulp van die tegniek wat hier aangewend is, verkry word, is reeds in 'n vorige verslag bespreek (Boshoff 1975, p. 45). Verder het Jacobs in sy verslag oor die modellering en programmering van die tegniek die betroubaarheid van die model redelik uitvoerig bespreek (Jacobs, 1975). 'n Volledige bespreking van die betroubaarheid van die ramings sal daarom nie weer hier herhaal word nie.

Die aandag word egter daarop gevestig dat die juistheid van die ramings van uitvoerwerkgeleenthede (par. 6) van deurslaggewende belang vir die betroubaarheid van die bevolkingsramings is. Die aandag word ook daarop gevestig dat die ramingstegniek wat hier gevolg is, by uitstek 'n minimum raming lewer. Indien daar voor 1981 nuwe bedrywe met aansienlike getalle uitvoerwerkgeleenthede in Phalaborwa gevestig word of as bestaande bedrywe aansienlike uitbreidings ondervind wat nog nie in hierdie stadium voorsien word nie, kan dit 'n betekenisvolle invloed op die betroubaarheid van die ge= raamde bevolking hê.

TABEL 9.1

DIE GERAAMDE GETAL STREEKRESIDENSIËLE WERKERS IN PHALABORWA VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR EN BEROEPSGROEP VIR 1981

| Beroepsgroep | | Nywerheidsektor: Landbou, bosbou en visvangs 1 | Mynbou en steen= groefwerk 2 | Voedsel, drank en tabak 3 | Klerasie, tek= stiel- en leer= goedere 4 | Nie-metaal- en al= gemene goedere 5 | Basiese metale 6 | Metaalprodukte 7 | Elektrisiteit, gas en water 8 | Bou en konstruksie 9 | Handel, verver= sings- en akkommo= dasiedienste 10 | Vervoer, opber= ging en kommuni= kasie 11 | Finansiering, ver= sekerings-, vaste eiendoms- en be= sigheidsdienste 12 | Openbare ower= heidsdienste 13 | Prof., welsyns-, maatskaplike en vermaaklikheids= dienste 14 | Persoonlike en huishoudelike dienste 15 | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 Natuurwetenskaplikes, argitekte, ingenieurs, opmeters, ens. | N | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 | 0 | 0 | 5 | 5 | 0 | 0 | 19 | 0 | 0 | 0 | 30 |
| | % | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 2,99 | 0,0 | 0,0 | 23,33 | 0,95 | 0,0 | 0,0 | 10,19 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,66 |
| 2 Medici, tandheelkundiges, veeartse, apte= kers, verpleegsters en ander paramedici | N | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 3 | 0 | 0 | 3 | 71 | 0 | 77 |
| | % | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,31 | 0,0 | 0,0 | 0,40 | 36,45 | 0,0 | 1,70 |
| 3 Geesteswetenskaplikes, onderwysers, reken= meesters, regsgeleerdes, ens. | N | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 10 | 390 | 28 | 0 | 428 |
| | % | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 5,46 | 47,33 | 14,53 | 0,0 | 9,42 |
| 4 Tegnici en tekenaars | N | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 3 | 0 | 0 | 0 | 0 | 3 |
| | % | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,90 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,93 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0.07 |
| 5 Besturende, uitvoerende en administratiewe werkers | N | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 | 0 | 0 | 0 | 14 | 7 | 4 | 11 | 0 | 0 | 0 | 37 |
| | % | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 1,41 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 2,80 | 0,76 | 1,28 | 5,92 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,81 |
| 6 Klerke, verkoops- en verwante werkers | N | 4 | 0 | 15 | 0 | 3 | 0 | 0 | 0 | 22 | 517 | 93 | 120 | 103 | 36 | 7 | 920 |
| | % | 11,11 | 0,0 | 16,67 | 0,0 | 7,36 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 4,34 | 54,85 | 29,56 | 65,11 | 12,43 | 18,45 | 0,49 | 20,26 |
| 7 Dienswerkers | N | 0 | 0 | 5 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 11 | 116 | 8 | 7 | 142 | 37 | 1307 | 1633 |
| | % | 0,0 | 0,0 | 5,56 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 2,26 | 12,28 | 2,56 | 3,70 | 17,20 | 19,07 | 94,80 | 35,95 |
| 8 Landbouers, bosbouers en vissers | N | 33 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 6 | 0 | 0 | 7 | 8 | 51 | 105 |
| | % | 83,33 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,62 | 0,0 | 0,0 | 0,83 | 3,92 | 3,72 | 2,31 |
| 9 Produksietoesighouers en voormanne | N | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 | 0 | 0 | 4 | 5 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 10 |
| | % | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 2,09 | 0,0 | 0,0 | 16,67 | 0,95 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,22 |
| 10 Myn- en steengroefwerkers | N | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| | % | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 |
| 11 Ander produksie- en instandhoudingswerkers (ambagsmanne, halfgeskoold en ongeskoold) | N | 0 | 0 | 38 | 0 | 18 | 0 | 0 | 14 | 72 | 128 | 45 | 3 | 3 | 3 | 3 | 327 |
| | % | 0,0 | 0,0 | 41,67 | 0,0 | 39,46 | 0,0 | 0,0 | 60,00 | 14,40 | 13,55 | 14,25 | 1,75 | 0,40 | 1,52 | 0,25 | 7,20 |
| 12 Bou- en konstruksiewerkers | N | 2 | 0 | 0 | 0 | 2 | 0 | 0 | 0 | 160 | 0 | 17 | 8 | 14 | 0 | 0 | 203 |
| | % | 5,56 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 3,43 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 31,88 | 0,0 | 5,34 | 4,17 | 1,66 | 0,0 | 0,0 | 4,47 |
| 13 Masjienoperateurs | N | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 5 | 0 | 3 | 0 | 3 | 0 | 0 | 11 |
| | % | 0,00 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,29 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,95 | 0,0 | 0,93 | 0,0 | 0,40 | 0,0 | 0,0 | 0,24 |
| 14 Vervoer- en kommunikasiewerkers | N | 0 | 0 | 15 | 0 | 1 | 0 | 0 | 0 | 31 | 52 | 79 | 0 | 7 | 12 | 0 | 197 |
| | % | 0,0 | 0,0 | 16,67 | 0,0 | 2,12 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 6,13 | 5,50 | 25,00 | 0,0 | 0,83 | 6,06 | 0,0 | 4,34 |
| 15 Ongeskoolde arbeiders | N | 0 | 0 | 18 | 0 | 18 | 0 | 0 | 0 | 178 | 114 | 63 | 7 | 153 | 0 | 10 | 561 |
| | % | 0,0 | 0,0 | 19,44 | 0,0 | 39,43 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 35,34 | 12,13 | 20,16 | 3,70 | 18,54 | 0,0 | 0,75 | 12,35 |
| 16 Gewapende magte | N | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| | % | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 |
| TOTAAL | N | 39 | 0 | 91 | 0 | 45 | 0 | 0 | 23 | 503 | 943 | 315 | 185 | 825 | 195 | 1378 | 4542 |
| AF | % | 100 | 0,0 | 100 | 0,0 | 100 | 0,0 | 0,0 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 |
| DWARS | % | 0,86 | 0,0 | 2,00 | 0,0 | 0,99 | 0,0 | 0,0 | 0,51 | 11,07 | 20,76 | 6,94 | 4,07 | 18,16 | 4,29 | 30,34 | 100 |

TABEL 9.2

DORPE WAARVAN DIE BEVOLKINGSENSUSGEGEWENS AS BASIS GEBRUIK IS VIR DIE RAMING VAN DIE SEKTORALE BEROEPSVERDELING VAN DIE STREEKRESIDENSIËLE WERKERS IN PHALABORWA

| Nywerheidsektor | | Dorpe | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Landbou, bosbou en visvangs | Dundee | Cradock | Phalaborwa |
| 2 | Mynbou en steengroefwerk* | | | |
| 3 | Voedsel, drank en tabak | Graaff-Reinet | Cradock | Phalaborwa |
| 4 | Klerasie, tekstiel- en leergoedere* | | | |
| 5 | Nie-metaal- en algemene goedere | George | Dundee | Phalaborwa |
| 6 | Basiese metale* | | | |
| 7 | Metaalprodukte* | | | |
| 8 | Elektrisiteit, gas en water | Standerton | Cradock | Phalaborwa |
| 9 | Bou en konstruksie | Dundee | Wellington | Phalaborwa |
| 10 | Handel, verversings- en akkommodasiedienste | Dundee | Cradock | Phalaborwa |
| 11 | Vervoer, opberging en kommunikasie | George | Dundee | Phalaborwa |
| 12 | Finansierings-, versekerings-, vaste eiendoms- en besigheidsdienste | Vryheid | Potgietersrus | Phalaborwa |
| 13 | Openbare owerheidsdienste | Graaff-Reinet | Wellington | Phalaborwa |
| 14 | Professionele, welsyns-, maatskaplike en vermaaklikheidsdienste | Standerton | Graaff-Reinet | Phalaborwa |
| 15 | Persoonlike en huishoudelike dienste | Oudtshoorn | Cradock | Phalaborwa |

*In sektore 2, 4, 6 en 7 sal daar na raming geen streekresidensiële werkers wees om te verdeel nie

TABEL 10.1

DIE GERAAMDE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING VAN PHALABORWA VOLGENS BEROEPSGROEP EN NYWERHEIDSEKTOR VIR 1981

| Beroepsgroep | | Nywerheidsektor: 1 Landbou, bosbou en visvangs | 2 Mynbou en steen= groefwerk | 3 Voedsel, drank en tabak | 4 Klerasie, tekstiel- en leergoedere | 5 Nie-metaal- en al= gemene goedere | 6 Basiese metale | 7 Metaalprodukte | 8 Elektrisiteit, gas en water | 9 Bou en konstruksie | 10 Handel, verver= sings- en akkommo= dasiedienste | 11 Vervoer, opberging en kommunikasie | 12 Finansierings-, ver= sekerings-, vaste eiendoms- en be= sigheidsdienste | 13 Openbare ower= heidsdienste | 14 Prof., welsyns-, maatskaplike en vermaaklikheids= dienste | 15 Persoonlike en huishoudelike dienste | Totaal ekonomies bedrywig |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 Natuurwetenskaplikes, argitekte, ingenieurs, | N | 0 | 82 | 0 | 0 | 20 | 0 | 0 | 5 | 5 | 0 | 0 | 19 | 0 | 0 | 0 | 131 |
| opmeters, ens. | % | 0,0 | 1,49 | 0,0 | 0,0 | 1,36 | 0,0 | 0,0 | 21,74 | 0,99 | 0,0 | 0,0 | 10,27 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 1,14 |
| 2 Medici, tandheelkundiges, veeartse, apte= | N | 0 | 17 | 0 | 0 | 10 | 0 | 0 | 0 | 0 | 3 | 0 | 0 | 3 | 71 | 0 | 104 |
| kers, verpleegsters en ander paramedici | % | 0,0 | 0,31 | 0,0 | 0,0 | 0,68 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,32 | 0,0 | 0,0 | 0,36 | 36,41 | 0,0 | 0,91 |
| 3 Geesteswetenskaplikes, onderwysers, reken= | N | 0 | 36 | 0 | 0 | 2 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 10 | 390 | 28 | 0 | 466 |
| meesters, regsgeleerdes, ens. | % | 0,0 | 0,66 | 0,0 | 0,0 | 0,14 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 5,41 | 47,27 | 14,36 | 0,0 | 4,07 |
| 4 Tegnici en tekenaars | N | 0 | 52 | 0 | 0 | 6 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 3 | 0 | 0 | 0 | 0 | 61 |
| | % | 0,0 | 0,95 | 0,0 | 0,0 | 0,41 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,95 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,53 |
| 5 Besturende, uitvoerende en administratiewe | N | 0 | 61 | 0 | 0 | 12 | 0 | 0 | 0 | 14 | 7 | 4 | 11 | 0 | 0 | 0 | 109 |
| werkers | % | 0,0 | 1,11 | 0,0 | 0,0 | 0,81 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 2,78 | 0,74 | 1,27 | 5,95 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,95 |
| 6 Klerke, verkoops- en verwante werkers | N | 4 | 307 | 15 | 0 | 87 | 0 | 0 | 0 | 22 | 517 | 93 | 120 | 103 | 36 | 71 | 1311 |
| | % | 10,26 | 5,60 | 16,48 | 0,0 | 5,91 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 4,37 | 54,83 | 29,52 | 64,86 | 12,48 | 18,46 | 0,51 | 11,44 |
| 7 Dienswerkers | N | 0 | 609 | 5 | 0 | 44 | 0 | 0 | 0 | 11 | 116 | 8 | 7 | 142 | 37 | 1307 | 2286 |
| | % | 0,0 | 11,10 | 5,49 | 0,0 | 0,99 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 2,19 | 12,30 | 2,54 | 3,78 | 17,21 | 18,97 | 94,85 | 19,96 |
| 8 Landbouers, bosbouers en vissers | N | 33 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 6 | 0 | 0 | 7 | 8 | 51 | 105 |
| | % | 84,62 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,64 | 0,0 | 0,0 | 0,85 | 4,10 | 3,70 | 0,92 |
| 9 Produksietoesighouers en voormanne | N | 0 | 309 | 0 | 0 | 270 | 0 | 0 | 4 | 5 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 588 |
| | % | 0,0 | 5,63 | 0,0 | 0,0 | 18,33 | 0,0 | 0,0 | 17,39 | 0,99 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 5,13 |
| 10 Myn- en steengroefwerkers | N | 0 | 296 | 0 | 0 | 2 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 298 |
| | % | 0,0 | 5,40 | 0,0 | 0,0 | 0,14 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 2,60 |
| 11 Ander produksie- en instandhoudingswerkers | N | 0 | 538 | 38 | 0 | 311 | 0 | 0 | 14 | 72 | 128 | 45 | 3 | 3 | 3 | 3 | 1158 |
| (ambagsmanne, halfgeskoold en ongeskoold) | % | 0,0 | 9,81 | 41,76 | 0,0 | 21,11 | 0,0 | 0,0 | 60,87 | 14,31 | 13,57 | 14,29 | 1,62 | 0,36 | 1,54 | 0,22 | 10,11 |
| 12 Bou- en konstruksiewerkers | N | 2 | 0 | 0 | 0 | 11 | 0 | 0 | 0 | 160 | 0 | 17 | 8 | 14 | 0 | 0 | 212 |
| | % | 5,13 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,75 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 31,81 | 0,0 | 5,40 | 4,32 | 1,70 | 0,0 | 0,0 | 1,85 |
| 13 Masjienoperateurs | N | 0 | 517 | 0 | 0 | 197 | 0 | 0 | 0 | 5 | 0 | 3 | 0 | 3 | 0 | 0 | 725 |
| | % | 0,0 | 9,43 | 0,0 | 0,0 | 13,37 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,99 | 0,0 | 0,95 | 0,0 | 0,36 | 0,0 | 0,0 | 6,33 |
| 14 Vervoer- en kommunikasiewerkers | N | 0 | 251 | 15 | 0 | 101 | 0 | 0 | 0 | 31 | 52 | 79 | 0 | 7 | 12 | 0 | 548 |
| | % | 0,0 | 4,58 | 16,48 | 0,0 | 6,86 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 6,16 | 5,51 | 25,08 | 0,0 | 0,85 | 6,15 | 0,0 | 4,78 |
| 15 Ongeskoolde arbeiders | N | 0 | 2410 | 18 | 0 | 400 | 0 | 0 | 0 | 178 | 114 | 63 | 7 | 153 | 0 | 10 | 3353 |
| | % | 0,0 | 43,94 | 19,78 | 0,0 | 27,16 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 35,39 | 12,09 | 20,00 | 3,78 | 18,55 | 0,0 | 0,73 | 29,27 |
| 16 Gewapende magte | N | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| | % | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 |
| TOTAAL EKONOMIES BEDRYWIG | N | 39 | 5485 | 91 | 0 | 1473 | 0 | 0 | 23 | 503 | 943 | 315 | 185 | 825 | 195 | 1378 | 11455 |
| AF | % | 100 | 100 | 100 | 0,0 | 100 | 0,0 | 0,0 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 |
| DWARS | % | 0,34 | 47,88 | 0,79 | 0,0 | 12,86 | 0,0 | 0,0 | 0,20 | 4,39 | 8,23 | 2,75 | 1,62 | 7,20 | 1,70 | 12,03 | 100 |

TABEL 11.1

DIE GERAAMDE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING VAN PHALABORWA VOLGENS BEROEPSGROEP EN VOLKSGROEP VIR 1981

| Beroepsgroep | | Werkers | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Uitvoer | | | | Streekresidensieel | | | | Totaal | | | |
| | | Blank | Bantoe | Ander | Totaal | Blank | Bantoe | Ander | Totaal | Blank | Bantoe | Ander | Totaal |
| 1 Natuurwetenskaplikes, argitekte, ingenieurs, opmeters, ens. | N | 99 | 2 | 0 | 101 | 26 | 4 | 0 | 30 | 125 | 6 | 0 | 131 |
| | % | 98,02 | 1,98 | 0,0 | 100,00 | 86,67 | 13,33 | 0,0 | 100,00 | 95,42 | 4,58 | 0,0 | 100,00 |
| 2 Medici, tandheelkundiges, veeartse, aptekers, verpleegsters en ander paramedici | N | 5 | 22 | 0 | 27 | 77 | 0 | 0 | 77 | 82 | 22 | 0 | 104 |
| | % | 18,52 | 81,48 | 0,0 | 100,00 | 100,00 | 0,0 | 0,0 | 100,00 | 78,85 | 21,15 | 0,0 | 100,00 |
| 3 Geesteswetenskaplikes, onderwysers, rekenmeesters, regsgeleerdes, ens. | N | 37 | 1 | 0 | 38 | 279 | 149 | 0 | 428 | 316 | 150 | 0 | 466 |
| | % | 97,37 | 2,63 | 0,0 | 100,00 | 65,22 | 34,78 | 0,0 | 100,00 | 67,81 | 32,19 | 0,0 | 100,00 |
| 4 Tegnici en tekenaars | N | 48 | 10 | 0 | 58 | 1 | 2 | 0 | 3 | 49 | 12 | 0 | 61 |
| | % | 82,76 | 17,24 | 0,0 | 100,00 | 45,45 | 54,55 | 0,0 | 100,00 | 80,33 | 19,67 | 0,0 | 100,00 |
| 5 Besturende, uitvoerende en administratiewe werkers | N | 72 | 0 | 0 | 72 | 37 | 0 | 0 | 37 | 109 | 0 | 0 | 109 |
| | % | 100,00 | 0,0 | 0,0 | 100,00 | 100,00 | 0,0 | 0,0 | 100,00 | 100,00 | 0,0 | 0,0 | 100,00 |
| 6 Klerke, verkoops- en verwante werkers | N | 275 | 116 | 0 | 391 | 418 | 502 | 0 | 920 | 693 | 618 | 0 | 1311 |
| | % | 70,33 | 29,67 | 0,0 | 100,00 | 45,45 | 54,55 | 0,0 | 100,00 | 52,86 | 47,14 | 0,0 | 100,00 |
| 7 Dienswerkers | N | 42 | 611 | 0 | 653 | 53 | 1580 | 0 | 1633 | 95 | 2191 | 0 | 2286 |
| | % | 6,43 | 93,57 | 0,0 | 100,00 | 3,23 | 96,77 | 0,0 | 100,00 | 4,16 | 95,84 | 0,0 | 100,00 |
| 8 Landbouers, bosbouers en vissers | N | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 105 | 0 | 105 | 0 | 105 | 0 | 105 |
| | % | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 100,00 | 0,0 | 100,00 | 0,0 | 100,00 | 0,0 | 100,00 |
| 9 Produksietoesighouers en voormanne | N | 212 | 366 | 0 | 578 | 8 | 2 | 0 | 10 | 220 | 368 | 0 | 588 |
| | % | 36,68 | 63,32 | 0,0 | 100,00 | 81,82 | 18,18 | 0,0 | 100,00 | 37,41 | 62,59 | 0,0 | 100,00 |
| 10 Myn- en steengroefwerkers | N | 60 | 236 | 2 | 298 | 0 | 0 | 0 | 0 | 60 | 236 | 2 | 298 |
| | % | 20,13 | 79,19 | 0,67 | 100,00 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 20,13 | 79,19 | 0,67 | 100,00 |
| 11 Ander produksie- en instandhoudingswerkers (ambagsmanne, halfgeskoold en ongeskoold) | N | 610 | 221 | 0 | 831 | 149 | 178 | 0 | 327 | 759 | 399 | 0 | 1158 |
| | % | 73,41 | 26,59 | 0,0 | 100,00 | 45,45 | 54,55 | 0,0 | 100,00 | 65,54 | 34,46 | 0,0 | 100,00 |
| 12 Bou- en konstruksiewerkers | N | 9 | 0 | 0 | 9 | 60 | 143 | 0 | 203 | 69 | 143 | 0 | 212 |
| | % | 100,00 | 0,0 | 0,0 | 100,00 | 29,41 | 70,59 | 0,0 | 100,00 | 32,55 | 67,45 | 0,0 | 100,00 |
| 13 Masjienoperateurs | N | 328 | 386 | 0 | 714 | 6 | 6 | 0 | 12 | 334 | 392 | 0 | 726 |
| | % | 45,94 | 54,06 | 0,0 | 100,00 | 50,00 | 50,00 | 0,0 | 100,00 | 46,01 | 53,99 | 0,0 | 100,00 |
| 14 Vervoer- en kommunikasiewerkers | N | 4 | 347 | 0 | 351 | 3 | 194 | 0 | 197 | 7 | 541 | 0 | 548 |
| | % | 1,14 | 98,86 | 0,0 | 100,00 | 1,69 | 98,31 | 0,0 | 100,00 | 1,28 | 98,72 | 0,0 | 100,00 |
| 15 Ongeskoolde arbeiders | N | 0 | 2792 | 0 | 2792 | 0 | 561 | 0 | 561 | 0 | 3353 | 0 | 3353 |
| | % | 0,0 | 100,00 | 0,0 | 100,0 | 0,0 | 100,00 | 0,0 | 100,00 | 0,0 | 100,00 | 0,0 | 100,00 |
| 15 Gewapende magte | N | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| | % | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 |
| TOTAAL EKONOMIES BEDRYWIG | N | 1801 | 5110 | 2 | 6913 | 1117 | 3426 | 0 | 4543 | 2918 | 8536 | 2 | 11456 |
| | % | 26,05 | 73,92 | 0,03 | 100,00 | 24,59 | 75,41 | 0,0 | 100,00 | 25,47 | 74,51 | 0,02 | 100,00 |

TABEL 12.1

DIE GERAAMDE NIE-EKONOMIES BEDRYWIGE EN TOTALE BEVOLKING VAN PHALABORWA VOLGENS VOLKS=GROEP VIR 1981

| Bevolking | | Blank | | Bantoe | | Ander | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Ekonomies bedrywige bevolking | N | 2918 | 34,13 | 8536 | 42,92 | 2 | 100,00 | 11456 | 40,28 |
| | % | 25,47 | | 74,51 | | 0,02 | | 100,00 | |
| Nie-ekonomies bedrywige bevolking | N | 5631 | 65,87 | 11352 | 57,08 | 0 | 0,0 | 16983 | 57,72 |
| | % | 33,16 | | 66,84 | | 0,0 | | 100,00 | |
| TOTALE BEVOLKING | N | 8549 | 100,00 | 19888 | 100,00 | 2 | 100,00 | 28439 | 100,00 |
| | % | 30,06 | | 69,93 | | 0,01 | | 100,00 | |

Soos in paragraaf 3 aangedui is, moet daarop gelet word dat die Bantoebevolking wat volgens die berekenings in hierdie verslag vir 1981 vir Phalaborwa (wat Namakgale insluit) voorspel word, nie die enigste sal wees wat in Phalaborwa woonagtig sal wees nie. Soos in tabel 12.1 aangedui is, word die totale Bantoebevolking van Phalaborwa vir 1981 op ongeveer 20 000 geraam, terwyl dit byvoorbeeld bekend is dat die inwonertal van Namakgale tans op ongeveer 32 000 geraam word. Die berekende Bantoebevolking vir 1981 is slegs dié wat aan die ekonomiese ontwikkeling van Phalaborwa toegeskryf kan word en sluit nie 'n verskuiwing van Bantoes na Namakgale op grond van nie-ekonomiese faktore asook die afhanklikes van Bantoes wat buite die Phalaborwa- ekonomiese streek werksaam is, maar in Namakgale woon, in nie.

14 SAMEVATTING

14.1 Die doel met hierdie studie is om die ekonomies bedrywige en totale bevolking van Phalaborwa volgens nywerheidsektor en beroepsgroep vir 1981 te raam. 'n Gebiedsom=skrywing van Phalaborwa word in paragraaf 3 aangebied waarvolgens Phalaborwa ook die Bantoedorp Namakgale insluit.

14.2 Die ramingstegniek wat gebruik word, berus op die volgende teorieë, relatief konstante verhoudings en aannames soos in paragraaf 4 beskryf is:

(a) Daar is 'n konstante verhouding tussen die uitvoerwerkgeleenthede en streekresidensiële werkgeleenthede in 'n dorp of stad waarvan die ekonomie redelik in ewewig is.

(b) Daar bestaan 'n sogenaamde minimum noodsaaklike, streekresidensiële indiens=nemingsvereiste.

(c) Die beroepstruktuur van die verskillende volksgroepe word hoofsaaklik deur tradisie bepaal. Vir dié doel is die verdeling volgens die 1970-bevolkingsensusgegewens vir Phalaborwa as uitgangspunt aanvaar.

(d) Die ekonomiese deelnamekoers verskil van volksgroep tot volksgroep en is oor die kort termyn redelik konstant.

14.3 Die getal uitvoerwerkgeleenthede is tydens 'n opname ter plaatse empiries bepaal.

14.4 Die bevolkingsensusgegewens van veertien redelik geïsoleerde dorpe word gebruik as basis van die ramings wat gemaak word. Vir elke nywerheidsektor word die minimum noodsaaklike, streekresidensiële indiensnemingsvereiste dan afsonderlik geraam. In die geval van veertien van die vyftien nywerheidsektore is die laagste waargenome persenta=sie indiensneming as ramingsbasis aanvaar. In die vyftiende sektor, te wete persoon=like en huishoudelike dienste, is die laagste persentasie wat voorgekom het in 'n dorp waar hoofsaaklik van Bantoehuisbediendes gebruik gemaak word, aanvaar as die minimum noodsaaklike, streekresidensiële indiensnemingspersentasie.



RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

14.5 Streekresidensiële werkers is in beroepsgroepe verdeel op grond van die gemiddelde beroepsverdeling in die betrokke sektor in drie van die veertien dorpe wat as ramingsbasis dien, soos in paragraaf 9 beskryf.

14.6 Soos in paragraaf 11 aangedui is, is die volksgroepverdeling van die streekresidensiële werkers geraam op grond van die volksgroepverdeling in elke beroepsgroep in Phalaborwa volgens die 1970-bevolkingsensusgegewens.

14.7 Die 1970-bevolkingsensusgegewens vir Phalaborwa is vervolgens ook gebruik om die ekonomiese deelnamekoers vir elke volksgroep te bepaal ten einde die nie-ekonomies bedrywige bevolking vir 1981 te raam.

14.8 Deur die ekonomies bedrywige en die nie-ekonomies bedrywige bevolking te sommeer, is 'n raming verkry van die totale bevolking van Phalaborwa vir 1981.

14.9 As gevolg van die ramingstegniek wat gebruik is, moet hierdie raming as 'n minimumraming beskou word.



040450

BYLAE

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING

PRIVAATSAK X41
PRETORIA
0001

Telefoon: 48-6562
Navrae: F.Boshoff
D. de Klerk

STREEKMANNEKRAGSTUDIES

A Gebied ______________________________

B Soort besigheid ______________________________

[ | ]

C Watter persentasie van u totale produksie word deur persone of organisasies buite die distrik verbruik? [ | | ] %

D Wat sal u indiensneming na raming in 19____ wees?
of
Wat is u huidige indiensneming (insluitende werkende eienaars en direkteure)?

| | | Blank | Bantoe | Ander |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Natuurwetenskaplikes (chemici, geoloë, fisici, ens.), aardwetenskaplikes (aardrykskundiges, landboukundiges, ens.), lewenswetenskaplikes (bioloë, fisioloë, plantkun= diges, ens.), ingenieurs, argitekte, opmeters, boureke= naars, ens. (Slegs werkers in besit van 'n B-graad of ge= lykwaardige of hoër kwalifikasie) | | | |
| 2 | Medici, tandartse, veeartse, verpleegsters, fisiotera= peute ens. | | | |
| 3 | Geesteswetenskaplikes (rekenmeesters, ekonome, regsge= leerdes, onderwysers, godsdiensberoepe, sosioloë, siel= kundiges, ens.) (B-graad of gelykwaardige of hoër kwa= lifikasie) | | | |
| 4 | Tegnici en tekenaars | | | |
| 5 | Besturende en administratiewe werkers (bestuurders, produksiebestuurders, werkebestuurders, personeel= bestuurders, takbestuurders, ens. asook maatskappysekre= tarisse, besturende direkteure, werkende eienaars, afdelingshoofde, ens.) | | | |
| 6 | Klerke en verkoopswerkers | | | |
| 7 | Dienswerkers (werkers in verversings-, akkommodasie-, sport- en ontspanningsafdelings, skoonmakers, seku= riteitsbeamptes, bewaarders, nagwagte, brandweer= manne, haarkapsters, ens.) | | | |
| 8 | Landbou-, bosbou- en veeteeltwerkers, jagters, vissers en wildbewaarders | | | |
| 9 | Toesighouers en voormanne in produksie en instand= houdingswerke | | | |
| 10 | Myn- en steengroefwerkers (alle range) | | | |

| | | Blank | Bantoe | Ander |
|---|---|---|---|---|
| 11 | Ander produksie- en instandhoudingswerkers (ambagsmanne, geskoold en halfgeskoold) | | | |
| 12 | Bou- en konstruksiewerkers (ambagsmanne, geskoold en halfgeskoold) | | | |
| 13 | Masjienoperateurs in produksie- en instandhoudingswerke (beide stilstaande en mobiele masjiene) | | | |
| 14 | Vervoer- en kommunikasiewerkers (pos-, telefoon- en radiowerkers, vragmotorbestuurders, SAS & H, SAL, hawe- en dokwerkers, ens.) | | | |
| 15 | Ongeskoolde arbeiders | | | |
| 16 | Gewapende magte (Slegs SAP, Spoorwegpolisie en SA Weermag) | | | |
| 17 | Diverse | | | |

E (Indien slegs huidige indiensneming verkry is) Met watter persentasie sal u on= derneming se indiensneming van nou af tot 19__________ na raming styg?

19 _______ _____________% of ____________

19 _______ _____________% of ____________

Copy no. 49930

LITERATUURLYS


1 BOSHOFF, F. Raming van die ekonomies bedrywige en totale bevolking van die Saldanhabaaigebied en die Saldanhabaaistadskompleks vir 1980 en 1990. Pretoria, RGN, 1975.

2 JACOBS, J.J. 'n Streekmannekragmodel. Pretoria, RGN, 1975.

3 DEPARTEMENT VAN BEPLANNING EN DIE OMGEWING. Nasionale Fisiese Ontwikkelingsplan. Pretoria, Staatsdrukker, 1975.

RGN BIBLIOTE | HSRC LIBRARY